

© Die Oratorium Uitgewery

# ST. FRANS VAN SALES

## 24 JANUARIE

(1567-1622)

Hierdie briljante aristokratiese jongman wat alreeds op 24-jarige leeftyd sy doktorsgraad in die regte verwerf het, ignoreer sy familie se teenkanting en besluit om priester te word. Dit was die tyd van die Protestantse Hervorming en op baie plekke in Europa was die Katolieke Kerk besig om veld te verloor. Die heilige Frans besef dat die louwarm uitlewing van die geloof en die heersende onkunde oor die geloof aangespreek moet word. Hy word een van die leidende figure van die Katolieke Hervorming. Hy word biskop en stig skole asook ’n nuwe vroue-orde en hy skryf talle boeke wat onder die groot geestelike meesterwerke van alle tye gereken word. Bo alles was dit sy liefdevolle sagmoedigheid wat mense na Christus toe aangetrek het. Hy word vereer as Kerkleraar.